

BOEKEVAT *Sasol Voëls van Suider-Afrika* (vierde uitgawe) deur Ian Sinclair, Phil Hockey, Warwick Tarboton en Peter Ryan (R260, Struik Nature).



Die immergewilde *Sasol Voëls van Suider-Afrika* spog met 'n splinternuwe uitgawe wat aansienlik verbeter is. Vir die gebruiker se geref is verskeie nuutjies ingesluit, soos uitvoerige gebruiksheiding, groepinleidings, kalenderbalke wat die areas waar spesies voorkom én hul broeitye aandui, asook sonogramme wat moeilik identifiseerbare voëlorope weergee. Verder is die teks deeglik hersien en meer as 380 illustrasies verbeter. Gebruikers kan ook uitsien na bygewerkte verspreidingskaarte wat onder meer aandui of spesies stand- of trekvoëls is. Dié omvattende veldgids is 'n moet vir alle voëlkikers – van beginners tot kenners – en verdien 'n spesiale plekkie op elke boekrak of koffietafel.

WEN!

Vier gelukkige lesers kan elkeen 'n eksemplaar van *Sasol Voëls van Suider-Afrika* (vierde uitgawe) wen. SMS die woord "Sasol" en jou kontakbesonderhede voor 15 November na 45567. (Elke SMS kos R1,50.) Sien ook ons kompetisiereëls op bladsy 135.

Rondrits IN NOVEMBER

Stuur inligting na hilette.geldenhuys@tuis.co.za.

SKOUE EN FEESTE

4-6: Kokstad

Tuinfees

Kom kuier saam in die voorheuwels van die suidelike Drakensberg by die Encounter East Griqualand Country and Garden Festival. Dié fees bied voorwaar iets vir almal: oop tuine, veldblom-wandelings en -praatjies, kunsuitstallings, lewende musiek, oudhede, 'n Griekwa-fees, 'n straatmark en vele meer. Vir nader inligting, bel Pat by 082 851 1555 of 082 784 4055, of besoek encountereg.co.za.

OOP TUINE

5 en 6: DURBANVILLE

Kom put inspirasie uit die groot verskeidenheid skoutuine in die Durbanville-omgewing tydens die "Durbanville in Bloom"-naweek. Tuine wat besoek kan word sluit die Durbanville-roostuin en die Durbanville-natuurreservaat in. Kaartjies is die Saterdag en Sondag te koop by Dalsigweg 4, Valmarypark, Durbanville. Tyd: 10:00-16:00 daaglik. Koste: R30 vir volwassenes om al die tuine te besoek; dis gratis vir kinders onder 12. Bel Gordon Webb by 083 583 3379 of Barbara Smith by 084 983 5196.

KURSUSSE EN PRAATJIES

2 en 16: KIRSTENBOSCH

2: Ulrike Irlich gesels oor uitbreiding van die bewaringslandgoed van die Stad Kaapstad.

16: Cherise Viljoen vertel meer oor interessante inheemse plante.

Plek: Sanlamsaal, Hek 2, Kirstenbosch. Tyd: 10:30. Koste: Toegangsgeld tot Kirstenbosch Botaniese Tuin (R37 per volwassene) is van toepassing, maar die praatjies is gratis. Navrae: Bel Cathy Abbott by 021 465 6440.

15-18: DURBAN Landskapontwerp

Jo-Anne Hilliar en Johan Hosten bied 'n 4-dagkursus by die Westville-buitekлуб in Westville aan. Koste: R4500. Navrae en besprekings: bel Natalie of Verosha by 031 266 4650 of 082 447 4824.

24: KAAPSTAD 'n Groen Kersfees

Sandy Michell kom deel haar "groen" idees vir jou huis, tuin, stoep en geskenke! Tyd en plek: 10:00 by Stodells in Bellville en 13:00 by hul Milnerton-tak. Toegang is gratis. Skakel 021 919 1108 (Bellville) of 021 528 4000 (Milnerton).

26: STELLENBOSCH Kruiwerksessie

Laat die kruiekenner Bridget Kitley jou inspireer met geskenkidees uit die tuin – spesiaal vir Kersfees. Koste: R250 (peusel-happies, tee en middagete ingesluit). Plek: Kleinvalleistraat 4, Stellenbosch. Navrae: skakel 079 499 2209.